DIE GUGULETHU TENORE

SUID-AFRIKA SE AFRI-OPERA SENSASIE

Die Afri-Opera sensasie, Die Gugulethu Tenore, het 'n huishoudelike Suid-Afrikaanse naam geword sedert die vrystelling van hulle debuutalbum in 2011. Hulle het al by SA se grootste geleenthede en feeste opgetree, deel gereeld verhoë met plaaslike en internasionale sterre en geniet omvattende dekking in nasionale en internasionale media. Hulle diverse aanhangerskring raak gedurig groter, en strek regoor die kulturele spektrum.

Hulle pad na sukses is reeds wyd-bekend en dien as inspirasie vir baie ander. Dit het meer as 10 jaar gelede begin toe dié vierstuk nog op hoërskool was en groot drome gekoester het om op bekende verhoë op te tree.

So het die Tenore van krag tot krag gegaan, en hulle vele loopbaanhoogtepunte sluit optredes in soos die 2011 FIFA Sokker Wêreldbeker, waar hulle skares van duisende gaande gehad het by Kaapstad se Grand Parade kyk-en-jol (Fan Fest), met hul strelende harmonieë en merkwaardige stemme. Hulle spog met gereelde optredes (en staande ovasies!) by belangrike feeste soos Aardklop Nasionale Kunstefees, Cultivaria en Klein Karoo Klassique (onder andere), en korporatiewe funksies regoor Suid-Afrika waar hulle voor bekende politici, hooggeplaastes, en supersterre soos Oprah Winfrey, Chris Rock en Mariah Carey optree.

'N NEDERIGE BEGIN

Die vier self-opgeleide sangers Mpendulo Yawa, Siyabulela Gqola, Xolani November and Loyiso Dlova, is gekies uit talle hoopvolles by Fezeka Hoërskool in Gugulethu om deel te neem aan 'n musiekkompetisie genaamd "Prompt Voice Search". Hier het hulle die eerste prys gewen in die groep-kategorie, en dit was maar die eerste van vele groot suksesse en pryse, ook in ander plaaslike kompetisies. Die vierstuk is al beskryf as "Suid-Afrika se eie *Il Divo*", "Pavarotti se Afrika-kinders" en "die Diamant van die Plakkerskamp"; hoe dit ookal sy, die Gugulethu Tenore betower die konsertsale en korporatiewe verhoeë van Suid-Afrika met hul trotse kollektiewe lied.

AFRI-OPERA

Terwyl die musieksmaak van hul tydgenote rondom style soos Kwaito, Hip Hop en Rap draai, volg die Gugulethu Tenore hul ingebore liefde vir opera - 'n genre wat tradisioneel nie met die plakkerskamp geassosieer sou word nie. Hulle maak die genre hul eie, en gee daaraan betekenis in 'n Afrika-konteks, deur kontemporêre en subtiele etniese elemente in hul musiek te inkorporeer, en so steel die kwartet se rou talent die harte van gehore regoor Suid-Afrika. Hul repertorium sluit opera-gunstelinge soos *O Sole Mio*, *Nessun Dorma* en *Nella Fantasia*, asook gewilde liedjies soos *The Prayer*, Miriam Makeba se *Pata Pata* en selfs Gé Korsten se *Liefling* in, terwyl hul eie komposisies soos *O, Afrika!* en *Nyamezela* gehore keer op keer aangedaan laat. Die Gugulethu

Tenore se ambisie strek veel verder as om bloot sukses as kunstenaars te behaal – hul gesamentlike doel is om rolmodelle te wees vir Suid-Afrika se jeug, en om deur middel van hul sangtalent die diversiteit van Suid-Afrikaanse kultuur ten toon te stel.

BELANGRIKE OPTREDES

Die Gugulethu Tenore het al by talle gesogte geleenthede in Suid-Afrika opgetree, soos:

* Die Burger Pops * *World Chefs Tour Against Hunger* Gala-dinee* Fleur de Cap Teatertoekennings * * Mnr. Suid-Afrika Plegtigheid* 2010 FIFA FanFest en FanWalk * *Table of Peace and Unity,* Tafelberg * * Kaapstad Internasionale Jazzfees * ANC Gala-dinee * Oprah Winfrey partytjie * Nederburg Veiling * 2011 *Freedom to Create* – Prystoekenning en Konsert * * *L'Ormarins Queen's Plate* * Vodacom Joernalis van Die Jaar-toekenning * Kirstenbosch *Carols by Candlelight* * Kirstenbosch Winterkonsertreeks * FW de Klerk-Stigting Gala-dinee* * Wêreld VIGS-Dag by die Parliament * en vele meer! *

BELANGRIKE KLIËNTE

Die Gugulethu Tenore se vele bekende kliënte suit in:

* Die Burger * Vodacom * PetroSA * PSG * * Airports Company South Africa (ACSA) * Standard Bank * Investec * Sanlam * * Dell * Transnet * University of Cape Town * Old Mutual * Parliament of South Africa * Genesys Trust * Woolworths * Momentum * Distell * Welcome Msomi Communications * Fine Women Business Network * The Southern Sun Group* * * SAB * NC Connect * en vele meer!

FEESTE

* Aardklop Nasionale Kunstefees * Paarl Cultivaria-fees * Vryfees * Cederberg-fees * Klein Karoo Klassique * Varingfees * Greyton Roosfees * Ubuntu-fees * Kaapstad-fees

OPENBARE OPTREDES

* Oude Libertas Amfiteater * On Broadway Teater * Artscape Arena * V & A Waterfront * Boardwalk, PE * Ushaka, Durban * Joburg Teater * Farmyard Teater, Polokwane

TERUGVOER

Net voor ek nou finaal die Pops 2011 lêer toemaak, wil ek net graag weer vir die Gugulethu Tenore BAIE DANKIE sê dat hulle vanjaar bereid was om by die Pops op te tree. Hulle vertolking van Meadowlands was 'n groot treffer! Dit was heerlik om hulle op ons verhoog te hê en die terugvoer oor die konsert is ongelooflik goed. Baie dankie ook vir jou knap reëlings en professionaliteit. Ek hoop ons kan weer saamwerk in die toekoms!
Mia Breet, Regisseur: Die Burger Pops 2011

Julle optrede by die FIFA FanPark verhoog gisteraand was fenominaal en julle kan trots wees op julle stemme! Pragtig!
Adri van Zyl

Ek wil net weereens baie dankie sê. Die Gugulethu Tenore was uitstekend gewees. Ons gaste het groot lof vir hul gehad!!
Maude Hugo, Sanlam

The Tenors were excellent!!! It was such a lovely evening and they contributed to the success of it. The boys are so talented. Once again....THANK YOU!!!!!!
Patricia Jacobs, Manager Student Support Services, Northlink College

---

Awesome! They received a standing ovation, which says it all. Well done! People, including myself, also commented on how humble the guys are - no "diva" attitude! Well done and all the best for your future.
Meryl Pretorius, Transnet

On behalf of the Southern Sun Cape Sun, my heartfelt thank you for your wonderful involvement in the Bidvest World Chefs Tour Against Hunger Gala Dinner, held at the Cape Sun on 27 August 2011. Your performance was definitely the highlight of the evening!
James Murdoch, General Manager, Southern Sun Cape Sun

We loved working with the Tenors. They were wonderful & the client loved the performance!
Dhashinie Vandeyar – Indigo Marketing

The Tenors were absolutely amazing this morning! The delegates actually had tears in their eyes as they were finishing up, it was a very exciting and emotional moment! I did convey my thanks to them, but please tell them again!!
Liezel Short - Red Hot Events

The guys were superb, they rocked the event to no end and our audience loved them. We wouldn't hesitate to involve them in our events again. The variety of music they offer catered for everyone right across the board!!
Nola Matinise - Parliament, Cape Town

Wow what a great show. Very versatile, our guests were blown away. I will certainly use them for future conference if the clients want that type of evening. They got a standing ovation. Many thanks!
Sundru Pillay - Sumetro Travel

MEDIA

Die Gugulethu Tenore geniet aansienlike media-dekking op al Suid-Afrika se groot TV-aktualiteitsprogramme, in alle belangrike gedrukte media (tydskrigte, koerante – Engels & Afrikaans), op radio en die internet.

Televisie

Breedvoerige insetsels op:

* Top Billing * Expresso Morning Show * KykNet Glitterati *
* Sky News Worldwide * E-TVSunrise Breakfast Show *
All Access * Top TV Gospel * En vele meer!

Koerante

Aansieklike dekking in:

* Weekend Argus (The Good Weekend) * Sunday Sun * Vukani *
* Die Burger * Volksblad * PE Herald * City Vision * Cape Argus *
The Mercury * Daily Sun * En vele meer!

Tydskrifte

Uitgebreide artikels en resensies in:

* Sawubona SAL "aanboord" tydskrif * Get it! tydskrif * Vrouekeur tydskrif * Khuluma tydskrif *

Radio

Ateljee-onderhoude en radiospeeltyd op:

* SAFM * OFM * Fine Music Radio * CCFM * Algoa FM *
* SABC Weekend Live * Cape Talk Radio * Good Hope FM * Bush
* Radio * Umhlobo Wenene FM * Helderberg Radio *
* Whale Coast FM *
* Radio 2000 * The Taxi * The World (PRI's BBC) *

DISKOGRAFIE

The Gugulethu Tenors

In die Gugulethu Tenore se debuutalbum gaan pop-Opera hand aan hand met ligte Afrika- en kontemporêre popstyl. Die uiteenlopende album, vervaardig deur Riaan Steyn en Harold Schenk, bewys waarom die Tenore so gewild is by hulle bewonderaars en die media.

- Vrystellingsdatum: Julie 2011
- Snitte: Nyamezela, You'll Never Walk Alone, Il Mondo, You Raise Me Up, O, Afrika!, O Sole Mio, African Medley, Liefling, Meadowlands, Nessun Dorma, A Mi Manwera, Come Primevera, Funiculi Funicula, Gospel Medley
- Lengte: 53:57
- Gelisensieer deur: David Gresham Record Company

O, Afrika!

- Demo CD
- Vrystellingsdatum: July 2009
- Snitte: Il Mondo, Pata Pata, The Prayer, Nessun Dorma, Funiculi Funicula, O Afrika!, O Sole Mio
- Lengte: 25 mins

Musiekvideo

Nyamezela is een van die Tenore se eie komposies en verteenwoordig 'n vars nuwe klank in Suid-Afrikaanse musiek. Afrika-lirieke en sentiment gaan hier hand-aan-hand met grootse operaklanke, en die gevolg is 'n nuwe vorm van musikale uitdrukking, uniek aan Suid-Afrika en die Gugulethu Tenore. Die video is deur 'n top-span vervaardig: New York-regisseur Brooke Fasani-Auchincloss, Loerie-wenner Riccardo Pugliese (kunsregisseur en vervaardiger), SAMA-wenner Carina Bruwer (uitvoerende vervaardiger) en Kai Auchincloss (kamera regisseur) was betrokke by die produksie, wat in nagenoeg vyf areas in en om Kaapstad verfilm is (veral in Gugulethu).

Kyk na die musiekvideo hier: http://www.youtube.com/watch?v=obFT0bGDKIU

SOSIALE MEDIA

Die Gugulethu Tenore se sosiale media-webblaaie weerspieël die wye belangstelling in en globale sigbaarheid van die groep/

Facebook:
www.facebook.com/gugstenors

Youtube:
www.youtube.com/gugstenors

Twitter:
www.twitter.com/gugstenors

Amptelike webtuiste:
www.gugstenors.co.za

BORGE

Die Gugulethu Tenore is trots om geklee te wees deur House of Monatic en Carducci

www.carducci.co.za

www.monatic.co.za

Met trots aangebied deur:

© Five Seasons Entertainment

Tel: 0860 110 309 | Epos: enquiries@5seasons.co.za

Web: www.5seasons.co.za